

## Oujaarsaand 2015 & Leuse vir die jaar 2016

### Jesaja 66v10-14

Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het! sodat julle kan suig en versadig word aan die bors van haar vertroosting; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die oorfloed van haar heerlijkheid.

Want so sê die HERE: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.

**Jes 66:13 Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos;** en julle sal in Jerusalem getroos word.

En julle sal dit sien, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal die hand van die HERE bekend word aan sy knegte, en Hy sal op sy vyande grimmig wees.

Liewe gemeente,

vandag sou ek graag dat die moeders vir ons preek en die klein babatjies vir ons vertel. Dank die Here, was ek bevoorreg om die geboortes van 5 kinders te beleef en vier van hulle deur die peuter en kleuter-jare te begelei. Veral die eerste 6 maande is 'n ongelooflike intensiewe tydperk van “bonding” / verhoudinge knoop of te wel vestig, want die verbinding tussen moeder en kind het mos reeds by geboorte 'n ± 9 maande-oue geskiedenis. Daar voel die kind dieselfde gevoelens as die swanger moeder. Is die moeder gespanne, dra dit op een of ander manier oor tot die kind. Is die ma rustig en ondervind sy blydschap oor die aanstaande geboorte, sal ook die kind iets van aangename liefde in hom/haarself opneem.

Na die geboorte weet die kind onbewustelik waar dit geborge sal wees. Daar's vanselfsprekend baie variasies maar in normale omstandighede sal ook die ma 'n onweerstaanbare aangetrokkenheid tot die kind bespeur. Die pa moet as eggenoot gewoonlik bietjie terugstaan want die baba se behoefde geniet ten minste vir 'n fase voorrang. “*Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...*” skryf die profeet van ouds aan die volk Israel.

Terwyl ons die ou kalenderjaar 2015 vaarwel toeroep, is dit nodig om gedagtes en sinne te heroriënteer. Ons doen dit deur terug te dink aan 'n dramatiese, avontuuragtige en gevulde jaar. In die wêreldpolitiek het seker die immigrante uit die Midde-ooste en Noord Afrika na Europa alle hoofkorantopskrifte oorheers. Voor dit was dit die Griekse finansiële krisis, en tussendeur by ons - eskom-delema, die agteruitgang van die ekonomie wat ons almal raak; nou die droogte toestande; ooglopend ook baie hoogtepunte: 4de op die rugby-wêreldranglys, geen aarbewings in SA, ... ☺ Ook in ons gemeente is die wissels gestel; en, alhoewel ons nog nie in die rigting ry wat aan ons Afrikaanse gedeelte voorgehou word nie, is besluite geneem wat ons vir die volgende jaar of meer besig sal hou.

Die vers wat ons in 2015 begelei het, was Paulus se oproep: *Aanvaar mekaar dan soos Jesus Christus ons ook aangeneem het tot heerlijkheid van God.* (Rom 15:7) Hopelik sal ons verder hierdie vers nie net verken nie maar uitleef = om gevul te word met Christus se gesindheid soos God die wêreld liefgehad het en sy kosbarste Seun opgeoffer het om almal wat in Hom glo, te red. Hierdie gesindheid word tog op 'n manier ook ons komende leuse vir die jaar 2016 weerspieël.

Terwyl sommige gebeure ons die skrik op die lyf kan jaag, terwyl ook sommige toekomspektiewe ons anstig kan raak, is dit goed om ook die moederlike kant van die Here te leer ken. Van *God as die Vader* praat ons dikwels, maar *God as moeder* word nie so baie verduidelik nie. Ek vertrou die Woord dat nie slegs moeders dit in diepte sal verstaan nie, maar ook almal wat nie self 'n kind gebaar en die eerste paar jaar groot gemaak het nie, behoort invoeling te kan hê wat bedoel word.

Ten eerste wil ons daarop let wat is die verhouding tussen kind en moeder. Tweedens fokus op die soort troos wat gegee word, en derdens op wat God se bedoeling mag wees as Hy vir ons hierdie Woord vir ons as gemeente gee.



Jahreslosung 2016

Gott spricht:  
Ich will euch trösten,  
wie einen seine  
Mutter tröstet.

(Jesaja 66, 13)

Soos die kroos van 'n moeder begin kerm en ween, weet die ma wat moontlik die behoefde kan wees - óf die boude is vuil, dan sal een-twee-drie die doeke geruil word; óf die maagie is leeg, dan sal die kind aan die bors geplaas word, en instinktief sal die babatjie suig, en die sagtheid van die ma sal vertroeteling bring; óf as die baba klaar gedrink het, sal die bekende “wind”, “boeps” opkom. Die ma sal die kind ook nie met handskoene of met 'n knyptang optel nie, maar verm in die eie hande mooi vashou. Is die boude reg, die magie vol, dan kan gerus die oë toeval want die wêreld is 'n veilige plek. Die hulpelose wese weet waar's sy plek. En al sou dit gebeur dat die kind na 'n ander volwasse persoon oorhandig word, iemand onbekend, sou dit nie lank duur nie, of die alarm-sirene gaan af... 'n goeie „tip“ is dan om die kind weer in die rigting van die ma gedraai word, sodat die kind die ma kan sien - dan is die wêreld weer in orde. Maw ook die uitrigting, kyk-rigting is deel van die vertroosting in ma-kind-verhouding.

*Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...* Die Hebreuse teks druk dit nog meer verm uit. Daar lees ons die dubbele: Ek, ek wil julle troos. “Ek”, sê die Here, “Ek, en niemand anders nie ...”. Nie jou volle spaarrekening, nie jou versekerings, nie die drank in die koelkas, nie jou kollegas nie, maar EK, die Here jou God, Ek sal jou troos. Ja meer nog: Ek wil jou troos! Nie soos soms 'n ma moeg van die dag se gewoel wil terugsit en 'n TV kyk, en dan begin die babatjie te ween, en die ma sou dink: “net nie nou nie; gaan soek jou eie kos elders.” Nee, God wil opstaan en self seker maak dat sy kinders vertroos word. Daar's 'n onsigbare verbinding wat die Skeppergod met sy kinders van Israel handhaaf wat baie verder terug strek as 9 maande; dit gaan terug tot by Abraham, Isaak en Jakob, oor Moses, die Rigters en koning David. God kan mos sy eie kind se gewoen nie ignoreer nie. Nee, Hy sal kom en verlossing bring; Hy sal hulle troos.

(2)

Hierdie woorde gee die profeet Jesaja vir 'n volk wat smag na uitkoms. Meer as 'n halwe eeu al is hulle in ballingskap onder vreemde heerskappy. 'n Volk wat omtrend van die landkaart uitgevee is en slegs in geringe getalle oorleef, ontvang 'n woord. Jesaja 66 noem vir ons twee redes wat vir hulle hoop en uitkoms bied. Vireers sal alle vyande gestraf word. *Vyande* word nie as die Babyloniers of Persiërs (die oorheersende moonthede van daardie tyd) genoem nie maar elkeen wat ongehoorsaam was.

Dit mag wees dat getroue Jode volgens alle verordeninge van die Here leef, maar rondom hulle leef volksgenote net soos hulle lus voel. Met hierdie ongehoorsame mense gaan dit goed, sodat die ware gelowiges begin wonder: waar is God dan? Waarom sleuf ek myself af om God te dien maar met die goddeloses gaan dit net so goed, indien nie beter nie? Is dit verniet dat ek God dien? Sal ongeregtigheid en sonde dan nooit gestraf word nie?

En die Here antwoord deur die profeet: Ek sal die vyande kom besoek en hulle sondes straf. Ek sal na julle omsien wat getrou my Woord gehoorsaam. Ek sal julle troos soos iemand wat deur sy moeder getroos word!

En die volgende vertroosting is dat die volk hulle weer sal verlustig aan *Jerusalem*. Nou vir ons mag dit dalk bietjie vreemd klink as iemand oor 'n stad bly sal wees. Hier praat ons egter van Sion, Jerusalem, wat die stad van die Here van die tempel was - en weer sal wees. Jerusalem gaan weer herstel word en van ooral sal die volke na Jerusalem toe stroom om die Here God te leer ken en te aanbid. Daar is geen grootter vreugde vir 'n antieke Jood as om die stralende Jerusalem tegemoed te haas nie. Daar sal daans wees en feesliedere - skryf die profeet op 'n ander plek, en daar sal blydschap wees oor die stad van die Here. Ja, Jesaja gebruik so baie kleurrike woordprentjies dat dit te veel is om hier nou op uit te brei. O.a. skryf Jesaja: waar gewoonlik 'n moeder deur baie geboortepyne moet gaan voordat sy 'n kindjie in die wêreld bring, sal Israel skars iets voel en die babatjie is reeds daar (Israel sal in hul' tuisland terug wees en baie kinders hê). En soos 'n babatjie aan die moederbors suig maar die borsmelk raak dalk op, sal Israel kan suig en suig en oorgenoeg hê - daar sal strome van heerlijkheid wees vir hulle wat aan die Here behoort. *Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...*

(3)

**Die troos kom van die Here af.** Let op, dit kom van buite Israel se vermoë. Mense maak nie hierdie troos vir hul'self nie. Dit word gegee, persent, uit goddelike liefde en barmhartigheid. Soos 'n moeder ook nie wag totdat die babatjie eers een of ander prestasie lewer nie, so wag God ook nie met sy troos nie.

En as die wat in droefheid verkeer dit nog nie gehoor het nie, het God herhaaldelik deur die profeet Jesaja gespreek. Laat my toe om die eerste drie verse van Jes 61 te lees:

1. Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om die wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is, 2. om aan te kondig 'n jaar van *welbehae*, dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, *vertroos*, 3. die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, *eer gee* in plaas van smart, *vreugde* in plaas van droefheid, *blydskap* in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: *Bome van Redding*. Die Here het hulle geplant om sy *roem* te vermeerder.

Lees hierdie verse bietjie vir iemand wat in droefheid verkeer, wiese trane naby is. Ons is wel volwassenes maar die kinderlike brosheid is nog steeds in ons almal. Vra bietjie iemand wie se liefdesverhouding nou net verbreek is - hoe voel jy? En waarskynlik sal die trane naby wees. Iemand wie se matrik-uitslae sodanig is dat daar geen toelating is vir tersiêre onderrig nie - wat is jou toekomsplanne? Ek dink aan 'n jong persoon wat met terminale kanker gediagnoseer is ... so iemand sal eers ongeloofwaardig kyk maar spoedig sal ook woede uitbreek: dit mag nie waar wees nie! Dis gemeen van God; ek wil nog die lewe voluit geniet! Waarom laat die Here dit toe? Weet Hy eintlik wat aangaan? Weet God wat beteken 'n liefdesterleurstelling? Jesus moes nooit matrik skryf nie - weet Hy eintlik wat die beteken as deure na die toekoms in jou gesig toeslaan net omdat die punte op die raport nie goed genoeg lyk nie? Waarom kan God my nie in 'n kits genees nie as Hy dan so baie ander gehelp het?

Sien, sulke tye is ons tye van ballingskap - wanneer vreemde magte oor ons begin heers en ons net met geringe krag sukkel om te oorleef. Nou onlangs lees ons in die koerant dat 'n boer sy eie lewe geneem het omdat die droogte geen uitsigte vir hoop gebied het nie; hy kon nie aanskou hoe alles ten gronde gaan nie en besluit vooraf: dis verby ... en net 'n paar dae later val die eerste druppels uit die hemel (nie genoeg nie, maar tog 'n teken van verligting)

*Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...* En dis nie goedkoop troos nie. Dis God wat self troos wil gee, soos Hy persies weet wat aangaan. Hyself kom in die gestalte van Jesus Christus, in die kind van Betlehem, en word mens soos ene van ons. Ek kan myself indink dan Jesus ook romantiese liefdesterleurstellings beleef het, verseker weet ons dat sy aanbod van liefde tientalle kere van die hand geslaan is. Jesus het met baie te doen gehad wat gevoel het asof hulle net nie genoeg prestasies voor mense en voor God kan voorhou nie - en Hy vertel hulle van God se oneindige genade en onvoorwaardelike liefde. Ons besin oor elke Paastyd oor die lyding en sterwe van Jesus Christus en wat dit vir ons beteken. Hy neem alle krankhede op Homself; Hy verduur en Hy dra dit sy hele lewe lank aan sy eie liggaam tot by die kruis.

Het julle gehoor uit die lesing van 2 Kor 1:1-7 met watter sekerheid Paulus van *die God van alle troos* praat. Hy gee die troos wat alle verstand te bowe gaan. Jy ontvang dit vandag weer in die preek. Soms hoor jy dit in die gesange wat ons sing en gedigte van mense wat voor jou deur beproewings gegaan het. Jy mag dit troos van God ook vandag in die heilige Nagmaal in jou hand neem en in jou mond plaas: "Neem en eet" - dit is vir jou! Dit kom van buite af in jou in; soos jy eet en drink, is dit Hyself wat jou aanraak. Soms ervaar jy ook die troos deur die woorde van 'n medebroer, -suster wat jou hand vashou en vir jou glimlag. Dalk ook heel prakties wanneer byvoorbeeld iemand opstaan en vir 'n gestresde ouerpaar aanbied: ek sal julle kinders oppas sodat julle 'n mooi aand mag geniet. Soms sien jy iets in die natuur raak wat jou net weer herinner: jy is oneindig bemind.

God se troos kom in duisende vorms, kleure en vleure, maar die duidelikste deur sy Woord. Neem hierdie woord saam met jou vanaand huis toe; besin daaroor en as jy die geleentheid het, praat met ander daaroor. Neem die Woord saam met jou in werksplek en indien jy uitdagings trotseer, laat die Woord jou lictoring wees, waarheen jy uitgerig is: *Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...* Amen.

En mag die vrede van God wat meer is as wat ons dink of begryp, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

**2 Kor 1:1-7** (Ou Vertaling 1953)

Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus. Aan die gemeente van God in Korinte en aan almal wat aan die Here behoort in die hele Agaje.

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die **God van alle vertroosting**, wat ons **troos** in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, ook kan **troos** met dieselfde vertroosting waarmee ons self deur God **getroos** word,

want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, so is ons **troos** ook oorvloedig deur Christus.

Maar of ons verdruk word - dit is julle tot **troos** en redding; en dit laat sy werking blyk deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan; en as ons **getroos** word, is dit om julle te **troos** en te bemoedig tot redding.

En wat julle betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die lyding, so het julle ook deel aan die **troos**.

